

SKRIFVOORLESING

Johannes 2:13-22

En die pasga van die Jode was naby, en Jesus het opgegaan na Jerusalem. En Hy het in die tempel gevind die wat beeste en skape en duiwe verkoop, en die geldwisselaars wat daar sit. En Hy het 'n sweep van toutjies gemaak en almal uit die tempel uitgedrywe, ook die skape en die beeste, en die kleingeld van die wisselaars het Hy uitgegooi en hulle tafels omgekeer. En vir die duiweverkopers het Hy gesê: Neem daardie dinge hier weg; moenie die huis van my Vader 'n handelshuis maak nie. En sy dissipels het onthou dat daar geskrywe is: Die ywer vir u huis het my verteer. Toe antwoord die Jode en sê vir Hom: Watter teken toon U aan ons, dat U hierdie dinge doen? Jesus antwoord en sê vir hulle: Breek hierdie tempel af, en in drie dae sal Ek dit oprig. En die Jode sê: Ses en veertig jaar lank is aan hierdie tempel gebou, en U, sal U dit in drie dae oprig? Maar Hy het oor die tempel van sy liggaam gespreek. En toe Hy opgestaan het uit die dode, het sy dissipels onthou dat Hy dit vir hulle gesê het; en hulle het die Skrif geglo en die woord wat Jesus gespreek het.

WEKVERS

U huis, O Here, moet altyd 'n heilige plek wees.

Herhaal: .U huis, O Here, moet altyd 'n heilige plek wees.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, - **Herhaal:** U huis, O Here, moet altyd 'n heilige plek wees.

DIE MAGNIFICAT

(Die Lofsang van Maria)

Antifoon: Almal wat Jerusalem liefhet, verheug julle vir ewig met haar.

My hart besing die grootheid van die Here,
my gees het hom in God, my redder, verbly,
omdat Hy gunstig op sy diensmeisie
in haar geringheid gelet het.

Kyk, van nou af sal elke geslag my geseënd noem,
want Hy het groot dinge aan my gedoen,
Hy wat almagtig is, heilig is sy Naam;
en sy troue liefde vir dié wat Hom vereer
bly van geslag tot geslag bestaan.

Kragtige dade het Hy met sy arm verrig,
hoogmoediges in hul eiewaan het Hy verstrooi,
maghebbers het Hy onttron en geringes verhoog.
Behoeftiges het Hy met goeie gawes versadig
en rykes met leë hande weggestuur.

Sy dienaar Israel het Hy te hulp gekom
gedagtig aan die troue liefde wat Hy beloof het
aan ons voorouers, Abraham, en sy nageslag, vir altyd.

Eer aan die Vader, en aan die Seun, en aan die Heilige Gees,
soos dit in die begin was, so ook nou en altyd, tot in alle ewigheid. Amen.

Antifoon: Almal wat Jerusalem liefhet, verheug julle vir ewig met haar.

Eer aan...

Voorbede

Ons Redder het sy lewe gegee sodat al God se kinders wat oor die aarde verstrooi is weer versamel mag word. In ons tyd van nood roep ons uit:

Herhaal: *Onthou u Kerk, O Heer*

Here Jesus, U het u huis op 'n vaste rots gebou - versterk u Kerk met 'n diep en behoudende geloof.

Herhaal

Here Jesus, water en bloed het uit u sy gevloei – gee nuwe lewe aan u Kerk deur die sakramente van u nuwe en ewige verbond. **Herhaal**

Here Jesus, U is by almal wat in u Naam byeen kom – hoor die gebede van u Kerk wat oor die hele aarde versprei is. **Herhaal**

Here Jesus, U berei vir almal wat U liefhet 'n woning in die Huis van u Vader voor – help u Kerk om in heilige liefde te groei. **Herhaal**

Here Jesus, U sal nooit hulle wat na U toe kom verjaag nie – open die poorte van die Huis van u Vader vir hulle wat gesterf het. **Herhaal**

Onse Vader...

GEBED

God, onse Vader,

Uit lewende stene, u uitverkore volk,

Het U tot u glorie 'n ewige tempel gebou.

Vermeeder die geestelike gawes wat U aan u Kerk skenk sodat u getroue volk in die nuwe en ewige Jerusalem sal aanhou groei.

Ons vra dit deur ons Here Jesus Christus, u Seun wat met U en die Heilige Gees leef en regeer, een God tot in ewigheid.

Amen